



Help!

Hoe moet ek
my **Bybel**
lees?



Die beste
boodskap ooit!!



Wat is die Bybel en hoekom moet ek dit lees?

Die Bybel is God se boek waarin Hy met ons praat. Ons luister na God se Woord wat ons vertel hoe Hy wil hê ons moet lewe. Omdat God se Woord die lewende woord is, het dit die mag om ons te verander.



So as ek die Bybel lees, kan dit my lewe verander? Maar waarvoor gaan die Bybel?

Die Bybel is 'n geskiedenisboek, 'n wetboek en 'n boek vol verhale, gedigte, lewenslesse en trooswoorde. Maar die belangrikste is, dis die verhaal van God se liefde vir jou en my.



Maar dis so 'n groot boek. Waar begin ek?


Ja, die Bybel is seker die grootste boek wat jy ooit gaan lees. Maar eintlik is dit 'n versameling van 66 boeke.



Ek sal nooit soveel boeke in my hele lewe kan lees nie!



Ontspan! Sien dit eerder as 'n biblioteek van boeke waar jy kan kies watter een jy wil lees. Jy hoef hulle ook nie almal op een slag te lees nie. Jy kan selfs net 'n paar hoofstukke of verse in 'n boek lees.



Maar wat as ek dit nie verstaan nie!

Moenie so maklik tou opgooi nie. Begin met 'n storie. Jy sal verbaas wees oor hoe maklik dit is.



OK! Kom ons probeer!





Kom ons begin met die storie van die seun wat van die huis af weggeloop het in **Lukas 15:11-13**.



Die verlore seun

¹¹Verder het Jesus gesê: “Daar was ’n man wat twee seuns gehad het. ¹²Die jongste het vir sy pa gesê: ‘Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.’ Hy het toe die goed tussen hulle verdeel.

¹³“Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na ’n verland toe vertrek. Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe.”



En toe?

Dis vir jou om uit te vind. Gaan lees die res van die storie tot by **vers 32**.



Hoe gaan ek dit regkry? Ek weet nie eens waar om te begin nie!

Volg net die instruksies in die “Soek en vind”-seksie.



Is dit moeilik? Ek het dit nog nooit gedoen nie.



Dis soos fietsry! Een, twee, drie en daar gaan jy!
So maak jou Bybel oop en begin!



Soek en vind



sien



Al wat jy hoef te doen, is om te soek vir die **boek**,
die **hoofstuk** en die **vers**. Die vinnigste manier
om te leer, is om te probeer: kom ons soek
Lukas 15:11-32. Op jou merke, gereed, gaan!




Die kleure maak dit so maklik!



Onthou, daar is die Ou en die Nuwe Testament.



Stap 1:



sien




Kyk na die inhoudsopgawe voor in jou Bybel en soek **Lukas**. Dis in die Nuwe Testament. Blaai nou na die regte bladsy toe.



Daar's hy!



Stap 2:



Mooi! Soek nou die **groot, vet** nommer aan die begin van elke seksie. Blaai tot jy **hoofstuk 15** kry.



Het hom! En nou?



Stap 3:



sien



Sien jy die klein nommertjies in feitlik elke reël van die teks?



Ja, OK ...

Die nommertjies is die verse. In hierdie voorbeeld wil ons lees vanaf **vers 14**. Hou aan lees tot by **vers 32**. Vat jou tyd!



OK! Ek's klaar. Sjoue, maar daai broer van hom is net so aaklig soos my suster!




Goed, wat wil jy nog opsoek?



Mmmm? Waar staan die "Onse Vader"?

Om die gebed van Jesus te vind, soek **Matteus** in die inhoudsopgawe op. Dis die eerste boek in die Nuwe Testament. OK, soek nou die "**vet**" nommer **6**. Dan die klein nommertjies van **9-13**. En daar het jy dit!



Haai, dit was maklik! 

Ek het jou mos gesê! Noudat jy die eerste twee toetse met lof geslaag het, kan jy enige Bybelvers enige plek in die Bybel opsoek. Toets jousef deur al die verse in hierdie gids na te slaan!



OK! Waar begin ek?

Wil jy weet waar alles begin het? Lees dan die eerste drie hoofstukke van die boek Genesis. Dis die eerste boek in die Bybel en is in die Ou Testament. Begin by hoofstuk **1**, vers **1** en lees tot by hoofstuk **3**.





Is dit nou waar Adam en Eva die slang ontmoet?

Ja, maar jy kan daaroor en oor nog baie ander dinge in hierdie hoofstukke lees.



En as ek hulp en troos soek?

Probeer die Psalms. Ek is seker jy sal 'n paar van die bekendes soos **Psalm 23** en **Psalm 121** ken.



O, ek ken "Die Here is my herder ..."!!!

Mooi! Nou kan jy nog iets lees.



Soos wat?

As jy meer wil weet oor lewe van Jesus en sy dissipels, begin by die boek Lukas.



Onthou net, die eerste vier boeke van die Nuwe Testament word die vier Evangelies genoem. Hierdie boeke vertel die verhaal van Jesus se lewe op aarde van die begin tot die einde.



Dis goeie nuus!

Ja, dis mos wat “Ewangelie” beteken! Kom ons begin met Lukas. Hierdie boek vertel die verhaal van Jesus se werk op aarde, hoe hy mense gesond gemaak het, wat hy hulle geleer het oor die koninkryk van God en eindig met sy kruisiging, sy opstanding en hemelvaart.



Maar ek wil weet wat Jesus gesê het!

Lees dan **Matteus** hoofstuk 5, 6 en 7. In hierdie hoofstukke leer Jesus ons hoe om te lewe, hoe om teenoor ander op te tree en hoe om die regte “attitude” teenoor die lewe te hê. Die boeke Matteus, Markus en Johannes vertel ons ook oor Jesus se lewe op aarde.



Maar hoe help die Bybel my in my daaglikse lewe?

Die Bybel is God se liefdesbrief aan ons! Gebruik al jou soek-“skills” om die volgende liefdesbriewe in die Bybel op te soek.



Psalm 36:6-10 – Vertel jou oor God se goedheid.

Psalm 139:15-16 – Jy is handgemaak deur God!

1 Johannes 4:19 – Ons het lief, want God het ons eerste liefgehad.

Romeine 8:38 – God sal jou nooit in die steek laat nie.

Het jy geweet die Bybel is soos kos vir die siel?



sien

Hoe so?

Lees **Johannes 6:35**.





Kan jy al die etes wat jy al in jou lewe gehad het, onthou?



Jy maak seker 'n grap!

Maar sonder jou daaglikse kos sou jy nooit sterk en gesond gewees het nie. Dis net so met die Bybel. Jy onthou dalk nie alles wat jy al ooit gehoor of gelees het uit die Woord nie. Maar waarmee sou jy jou siel gevoed het, as jy dit nooit kos uit die Woord van God gegee het nie?



Maar is die Bybel nie maar net 'n klomp wette en reëls nie? En wat gebeur as ek hulle verbreek?

Weet jy, die volgende 10 reëls wat ons uit die Bybel leer, is amper soos 'n wedstrydplan.



Jy bedoel soos in 'n sokker- of netbalwedstryd?

Ja, maar onthou reëls is nie net daar om elkeen 'n gelyke kans te gee nie, maar ook om jou te beskerm en te lei. God het vir ons reëls gegee om ons veilig te hou en ons te leer hoe om te lewe. Soek **Eksodus 20:3-17** op. Onthou om die kleurkodes te gebruik!



OK, so om die spel te speel, moet jy die reëls ken?

Net so! So hier is God se wedstrydplan vir jou:

Eksodus 20:3

Reël 1:
God bo alles!



Eksodus 20:4

Reël 2:
Wie is jou afgod?



Eksodus 20:7

Reël 3:
Tel jou woorde!



Eksodus 20:8

Reël 4: Rus op die
sewende dag -
dis 'n bevel!




Eksodus 20:12

Reël 5:
Respekteer
jou ouers!



Eksodus 20:13

Reël 6:
Moenie doodmaak nie!



Eksodus 20:14

Reël 7:
Hou jou gedagtes
skoon en jou liggaam rein!



Eksodus 20:15

Reël 8:
Om te steel, is verkeerd!



Eksodus 20:16

Reël 9:
Moenie lieg nie!





Eksodus 20:17

Reël 10:

Moenie jaloers wees nie!



Sjoe, dis sommer baie reëls!

Lees Jesus se opsomming van die wet in

Matteus 22:37-40!



Wat presies is sonde?

Dink aan sonde as 'n voetfout of om jou doel te mis. Sien die reël in **1 Korintiërs 9:24-27**.



Sonde beteken dus om nie volgens die reëls te speel nie?

Presies! Lees **Johannes 3:16-17**.

Jesus het sy bloed aan die kruis gestort vir die vergifnis van ons sonde. Sy kruisiging beteken dat ons weer kan begin. God vee die telbord skoon!



So as jy verkeerd doen, is dit nie "game over" of die einde van die spel nie?



Presies! Dit is wat ons God se goedheid en genade noem. Kom ons verduidelik dit so:




Soek hierdie verse op om te sien wat ek bedoel.



Psalm 32:1-5 😊



Matteus 18:21-22



2 Korintiërs 2:7 Vergewe ander. 🤝



Hoe gereeld moet ek die Bybel lees?

Wel, as dit kos vir die siel is, beter jy dit elke dag of so gereeld as moontlik te doen. As jy rêrig wil groei in jou geloof moet jy daaraan werk! Doen wat Jesus gedoen het.



Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eersame plek en daar gebid.

Markus 1:35



Onthou! Geen selfone of TV om jou aandag af te lei nie!



Waarskuwing!
Om die Bybel te lees,
kan jou lewe verander!



As die Woord van God, gee dit vir ons riglyne vir die lewe en wys ons op die gevolge van gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid.



So as ek verkeerde dinge doen, kan ek myself of ander skade aandoen?

Ja, maar God se Woord verseker jou ook van sy oneindige liefde en vergifnis.



Die beste van alles, met God se wedstrydplan is ons almal wenners!



Vir seker!



Onthou!





Jy is 'n kind van God. – **Johannes 1:12**
 God het sy Seun gegee om jou te red! –
Johannes 3:16
 Julle is deel van Christus se liggaam. –
1 Korintiërs 12:27
 Jy is veilig, want niemand kan jou van God se
 liefde skei nie. – **Romeine 8:35-39**
 Jy is ook iemand, want God het jou gekies. –
Johannes 15:16

Awesome!

Jesus wys jou hoe om God se
 wedstrydplan vir jou lewe te volg.



Waarvoor staan 3:16 bo-aan die bladsy dan?

Om jou te herinner aan Johannes 3:16 –
 die sleutel tot redding!



Weet jy wat? Ek kan nie wag om my Bybel te
 begin lees nie sodat ek ook God se plan vir my
 lewe kan volg!



Hulp en raad uit die Bybel

Woede	Efesiërs 4:31
Spanning	Psalm 46
Liggaam	1 Korintiërs 6:19-20; 15:35-57
Depressie	Romeine 8:28-39
Skinder	Efesiërs 4:29
Eensaamheid	Psalm 40:2-4
Los sedes	Efesiërs 5:15-18
Liefde vir mekaar	1 Petrus 4:8
Groepsdruk	Spreuke 1:8-19
Tem jou tong	Jakobus 3:8-9
Versoeking	2 Timoteus 2:22
Getuïenis	Handelinge 1:8

ISBN 978-0-7982-1745-2 (Epub)

ISBN 978-0-7982-1746-0 (Mobi)

ISBN 978-0-7982-1747-7 (PDF)



Uitgee en versprei deur die
Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
www.bybelgenootskap.co.za